


INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

GOEIE NUUS VIR MATLAB-AANHANGERS

MATLAB en Simulink is fundamentele berekeningshulpmiddele wat wêreldwyd by opvoedkundige instellings gebruik word. Meer as 500 universiteite het reeds die TAH (Total Academic Headcount) webwerflisensie aangekoop en dit sluit een derde van die top 300 universiteite en 23 van die top 25 universiteite ter wêreld in.

MATLAB en Simulink is deesdae 'n integrale deel van Universiteit Stellenbosch se kurrikulum. Die sagteware word gebruik in verskeie akademiese omgewings, byvoorbeeld Geografie, Agriwetenskap, Ekonomie, Biologie, Informatika, Sielkunde, Wiskunde, Statistiek en Fisika, sowel as die verskeie ingenieursvakrigtings. Die universiteit verskaf werksareas (labs) met 8 verskillende gelisensieerde klaskamerbedieners wat deur studente gebruik word op universiteitsrekenaars. Toegang vir navorsers word verskaf deur 'n aantal installasies: 6 netwerkbedieners verskaf gelyktydig toegang aan 35 gebruikers, 8 groeplisensies aan 79 gebruikers en 35 individuele lisensies.



MATLAB

Studente wat MATLAB en Simulink gebruik, vestig 'n kennisgrondslag wat hulle deur die res van hulle universiteitsjare kan gebruik en dit berei hulle voor op loopbane in ingenieurswese, sowel as biologie, wetenskap, finansies en wiskunde. Fakulteite gebruik MATLAB en Simulink om studente te betrek by kursusmateriaal en navorsing deur 'n buigbare omgewing te bied vir onderrig, toepassing van algoritmes en modelle en data-ondersoekings. Studente kan teorie toepas op probleme in die regte wêreld binne 'n wye omvang van student-georiënteerde navorsing – in lyn met die groter neiging na aktiewe leer, byvoorbeeld PBL en CDIO.

Universiteit Stellenbosch het 'n **Total Academic Headcount (TAH) lisensie** vir MATLAB, Simulink en addisionele produkte. Fakulteite, navorsers en studente kan hierdie produkte gebruik vir onderrig, navorsing en leer. Met hierdie lisensie kan individue produkte op universiteitstoerusting, sowel as persoonlike toerusting, installeer.

Om 'n individuele lisensie vir skootrekenaars en tuisrekenaars te bekom:

Opsie 1 – Op kampus aflaaibare lêer. Kliek [hier](#) vir instruksies.

Opsie 2 – Weg-van-kampus aflaaibare lêer op die Mathworks webwerf. Kliek [hier](#) vir instruksies.

Leer meer oor die vermoëns en gebruik van die sagteware

Gebruik die [TAH Hulpbronne](#) vir tutoriale, webseminare, leermateriaal, boeke en veel meer om jou te help met die gebruik van MATLAB en Simulink. Wanneer jy die bronne op so 'n manier raadpleeg, hoef jy nie registrasievorms in te vul nie.

Neem kennis dat jou MathWorks-rekening jou ook gratis toegang gee tot aanlyn opleiding met [MATLAB Onramp](#), sowel as toegang tot aanlyn werkstukke met behulp van [Cody Coursework](#).

Bemagtig jouself met MathWorks hulpbronne

Besoek die MathWorks for Education webwerf by mathworks.com/academia

Besoek die MathWorks Academy webwerf vir gratis aanlynkursusse by matlabacademy.mathworks.com

MATLAB vir mobiele toestelle

Verbind aan MATLAB vanaf jou iPhone, iPad, of Android-toestel: mathworks.com/products/matlab-mobile.html

Hulp nodig?

E-pos: ithub@sun.ac.za

[Inligting verskaf deur Kirsten Smith, Bestuurder: Toepassingsingenieurswese by MATLAB]

Posted in: *Toepassings, Navorsing, Studente* | Tagged: *Matlab* | With 0 comments